basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**VERBRUIKERSTUDIES**

**MEI/JUNIE 2024**

**NASIENRIGLYNE**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 10
APPROVED MARKING GUIDELINES

**PUNTE: 200**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 19 bladsye.**

Internal Moderator: JEBuys

02/06/2024

External Moderators: S.S. deVilliers
Brown

02/06/2024

*Kopiereg voorbehou*

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | D✓ | *Onthou, maklik (Verken, bl.167; Suksesvol, bl.185)* | (1) |
| | 1.1.2 | B✓ | *Onthou, maklik (Verken, bl.174; Suksesvol, bl.191-193)* | (1) |
| | 1.1.3 | A✓ | *Onthou, maklik (Verken, bl.156; Suksesvol, bl.173-174)* | (1) |
| | 1.1.4 | C✓ | *Onthou, matig (Verken, bl.162; Suksesvol, bl.178-179)* | (1) |
| | 1.1.5 | C✓ | *Verstaan, maklik (Verken, bl.98; Suksesvol, bl.118)* | (1) |
| | 1.1.6 | A✓ | *Toepassing, moeilik (Verken, bl.103; Suksesvol, bl.123)* | (1) |
| | 1.1.7 | B✓ | *Verstaan, matig (Verken, bl.80-82; Suksesvol, bl. 94-96)* | (1) |
| | 1.1.8 | D✓ | *Onthou, maklik (Verken, bl.93; Suksesvol, bl.113)* | (1) |
| | 1.1.9 | C✓ | *Onthou, maklik (Verken, bl.105; Suksesvol, bl.127)* | (1) |
| | 1.1.10 | B✓ | *Onthou, maklik (Verken, bl.83; Suksesvol, bl.97)* | (1) |
| | 1.1.11 | B✓ | *Toepassing, matig (Grade 11)* | (1) |
| | 1.1.12 | D✓ | *Toepassing, matig (Grade 11)* | (1) |
| | 1.1.13 | C✓ | *Verstaan, maklik (Verken, bl.51; Suksesvol, bl.54)* | (1) |
| | 1.1.14 | C✓ | *Onthou, maklik (Verken, bl.144; Suksesvol, bl.158)* | (1) |
| | 1.1.15 | A✓ | *Verstaan, maklik (Verken, bl.143; Suksesvol, bl.152)* | (1) |
| | 1.1.16 | B✓ | *Onthou, maklik (Verken, bl.16; Suksesvol, bl.22)* | (1) |
| | 1.1.17 | D✓ | *Onthou, maklik (Verken, bl.35; Suksesvol, bl.35)* | (1) |
| | 1.1.18 | A✓ | *Onthou, maklik (Verken, bl.13; Suksesvol, bl.19, CAPS)* | (1) |
| | 1.1.19 | B✓ | *Verstaan, matig (Verken, bl.26; Suksesvol, bl.26)* | (1) |
| | 1.1.20 | C✓ | *Verstaan, maklik (Verken, bl.35; Suksesvol, bl.34)* | (1) |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE

1.2 1.2.1 C✓

1.2.2 F✓

1.2.3 B✓

1.2.4 G✓

1.2.5 A✓ (5)

*Onthou, maklik (Verken, bl.163-165; Suksesvol, bl.181-183)*

1.3 1.3.1 Klassieke (mode)✓

1.3.2 (Mode) neigings✓

1.3.3 (Mode) gier✓ (3)

*Onthou, maklik (Verken, bl.49-51; Suksesvol, bl.51-53)*

1.4 1.4.1 D✓

1.4.2 F✓

1.4.3 B✓

1.4.4 C✓ (4)

*Onthou, moeilik (Verken, bl.93-94; Suksesvol, bl.113-114)*

1.5 1.5.1 Winsopslag✓

1.5.2 Slegste-verkope scenario✓

1.5.3 Volhoubare winsgewendheid✓

1.5.4 Kontantvloeiprojeksie/ vooruitskatting✓ (4)

*Verstaan, maklik (Verken, bl.35-40; Suksesvol, bl.34-42)*

1.6 A✓
D✓
F✓
G✓ (Enige volgorde) (4)

*Verstaan, matig (Verken, bl.117-118; Suksesvol, bl.137-138)*

**[40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING B: LANGVRAE

## VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 **Noem die rentekoers wat deur die Suid Afrikaanse Reserwe bank gevra word.**

Repokoers✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, bl.166; Suksesvol, bl.184)*

2.2 **Gee TWEE voorbeelde van hernubare energiebronne.**

- Sonenergie/son✓[1]
- Windenergie/wind✓[2]
- Hidrokrag/waterenergie✓[3]
- Bioenergie/ biomassa/hout✓[4] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, bl.170-171; Suksesvol, bl.191)*

2.3 **Verduidelik die volgende met betrekking tot eiendomsbelasting wat deur 'n munisipaliteit gevra word.**

2.3.1 **Wie is verantwoordelik vir die betaling daarvan?**

Eienaars van eiendom/ huiseienaars✓ (1)

*Onthou, maklik (Verken, bl.164; Suksesvol, bl.182)*

2.3.2 **Hoe bepaal die munisipaliteit die bedrag wat betaalbaar is?**

Hulle word op die markwaarde✓ van die eiendom en die area waar die eiendom geleë is gebaseer. (1)

*Onthou, maklik (Verken, bl.164; Suksesvol, bl.182)*

2.3.3 **Waarvoor word die geld gebruik?**

Dit word vir munisipale dienste✓ aan gemeenskappe wat in die munisipale area woon gebruik. (1)

*Onthou, maklik (Verken, bl.164; Suksesvol, bl.182)*

**LET WELL: Voorbeelde van basiese en ander dienste kan aanvaar word.**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
... EXAMINATION

2.4 **Verduidelik hoe 'n huishouding elektrisiteitsverbruik kan verminder wanneer 'n huis tydens die wintermaande verhit word.**

- Gebruik gas/ parafienverwarmers/ kaggel in 'n vertrek in plaas van elektriese verwarmers.✓[1]
- Installer 'n sonpaneelstelsel✓[2]
- Gebruik infrarooi elektriese / lae "watt" verwarmers omdat hulle meer energie-doeltreffend is.✓[3]
- Maak gordyne en blindings gedurende die dag oop om die son in te laat.✓[4]
- Maak gordyne en blindings vroeg in die dag toe, om te verhoed dat hitte ontsnap.✓[5]
- Verhit slegs die vertrekke wat jy gebruik.✓[6]
- Hou deure en vensters in die vertrek wat jy verhit toe.✓[7]
- Trek warm aan/ gebruik komberse om warm te bly in plaas daarvan om die verwarmer aan te skakel.✓[8]
- Skakel saans verwarmers af/ skakel verwarmers af indien dit nie gebruik word nie.✓[9]
- Verseël trekke wat deur vensters en onder deure kom.✓[10]
- Isoleer die plafon.✓[11]
- Gebruik 'n warmwaterbottel.✓[12]
- Plaas matte op die vloere.✓[13] (Enige 5) (5)

*Onthou, maklik (Verken, bl.173; Suksesvol, bl.194)*

2.5 **Definieer die term *grysgoedere/parallelle invoere.***

Grysgoedere/parallelle invoere is items wat 'n vervaardiger nie in 'n sekere land verkoop wil hê nie✓[1] maar hulle eindig daar op deur ongemagtigde verspreidingskanale✓[2] en hulle is nie onwettig nie.✓[3]

**OF**

Grysgoedere/parallelle invoere is goedere wat in 'n land ingevoer word✓[4] deur nie-amptelike/ongemagtigde verspreidingskanale✓[5] en hulle is nie onwettige goedere nie✓[6] en nodige belasting word betaal. (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, bl.158; Suksesvol, bl.176)*

2.6 **Verduidelik wat dit beteken as 'n produk 'n waarborg het.**

'n Produk kan na die verkoper terug geneem word✓[1] vir herstelwerk/ vervanging/ geld terug te ontvang✓[2] binne 'n gegewe tydperk/spesifieke periode✓[3] indien 'n produk nie in werkende toestand bly nie/ nie aan sekere standarde voldoen nie.✓[4] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, bl.158; Suksesvol, bl.175)*

2.7 **Verduidelik die term *inflasie*.**

- Dit is die styging in pryse van goedere en dienste✓[1] wat oor 'n spesifieke tydperk gemeet word.✓[2]

**OF**

- Inflasie is die gemiddelde styging in pryse van goedere✓[3] en dienste in 'n jaar.✓[4] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, bl.167; Suksesvol, bl.184)*



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE

2.8 **Vergelyk 'n stokvel met 'n multivlak/stapelvlakbemarkingskema onder die volgende opskrifte:**

| Opskrifte | Stokvel | Multivlak/stapelvlak bemarking |
|---|---|---|
| **Stapelvlak** | Dit het nie stapelvlakke nie/ alle lede is gelyk.✓1 | Bestaande lede is op die hoogste vlak/lede met die meeste verkope is op die hoogste vlak/nuwe lede is op die laagste vlak.✓2 |
| **Verkoop van produkte** | No/ daar is geen verkope van produkte nie.✓3 | Ja/ produkte word verkoop.✓4 |
| **Betaling aan lede** | Alle lede ontvang dieselfde bedrag✓5 op dieselfde tyd.✓6 | Lede word volgens hulle verkope betaal.✓7 |

(6)

*Verstaan, matig (Verken, bl.161-162; Suksesvol, bl.177-179)*

2.9 **Noem DRIE maniere waarin verbruikers kan help om waterbesoedeling te verminder.**

- Gebruik bioafbreekbare wasmiddels.✓1
- Moenie onnodige items/stowwe in die opwasbak/toilet/dreineringstelsel afgooi nie.✓2
- Gebruik omgewingsvriendelike/veilige skoonmaakmiddels/waspoeier.✓3
- Moenie plaagdoders/bemestingstowwe/chemiese stowwe oormatig gebruik nie.✓4
- Moenie rommel om riviere en damme strooi nie/tel enige rommel✓5 wat om riviere/damme/strande lê op.
- Moenie riool✓6 in riviere/damme stort nie. (Enige 3) (3)

*Verstaan, matig (Verken, bl.178-179; Suksesvol, bl.198)*

2.10 **Bespreek die negatiewe impak op die plaaslike gemeenskap, van 'n munisipaliteite wat hierdie verantwoordelikheid verwaarloos.**

- Indien paaie nie gebou/in stand gehou word nie affekteer dit die toeganklikheid/toerisme✓1 na die gemeenskap.
- Paaie wat nie in stand gehou word nie lei tot agteruitgang/slaggate✓2 wat sal lei tot beskadiging van motoriste se motorbande.✓3 Motoriste sal meer geld aan die herstel/ aankope van bande moet bestee.✓4
- Ongelukke mag weens gebarste motorbande plaasvind✓5
- Indien stormwater dreinering nie gedoen word nie/ in stand gehou word nie, mag dit tot oorstromings lei✓6 wat 'n veiligheidsrisiko word vir pad gebruikers✓7 en huise wat langs hierdie paaie gebou is.✓8
- Verstopte stormwater dreinering kan 'n gesondheids gevaar/ broeiplek vir knaagdiere word.✓9
- Indien munisipaliteite hulle verantwoordelikhede verwaarloos/ vernalaat mag dit tot gemeenskappe se protesaksies lei.✓10
- Indien mangat ('manhole") nie bedek gehou word
- nie kan dit voertuig ongelukke veroorsaak/ mense kan daarin val.✓11
- Indien munisipaliteite hulle verantwoordelikhede verwaarloos/ vernalaat mag dit veroorsaak dat die waarde van die eiendomme verlaag.✓12

*Toepassing, matig (Verken, bl.184; Suksesvol, bl.202, 204-205)* (Enige 5) (5)



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE

2.11 **Analiseer die reaksie van die winkelbestuurder met spesifieke verwysing na die afkoeltydperk en 'n onbillike sakepraktyk.**

- Ben was deur direkte bemarking genader ✓1 buite die besigheidsperseel✓2 en het nie die transaksie begin/aan die gang gesit nie.✓3
- Hy het na 'n dag die kragopwekker na die winkel terug geneem✓4 en die kontrak gekanselleer.✓5
- Die wettige afkoelperiode laat Ben vyf werksdae toe om die transaksie te kanselleer✓6 en geld terug te ontvang.✓7
- Die verkoopsman het 'n valse belofte/misleidende inligting/ misverteenwoordiging van die kragopwekker gegee/gesê dat dit alle elektriese toestelle sal laat werk.✓8 Dit het nie die warmwatergeiser en stoof laat werk nie.✓9
- Die winkeleienaar moes Ben se deposito/of 'n gedeelte daarvan✓10 binne sewe besigheidsdae/ vyftien dae✓11 nadat die kontrak gekanselleer was, terug betaal het omdat Ben die kragopwekker slegs vir een dag gebruik het.

(Enige 8) (8)

*Analisering, moeilik (Verken, bl.157, Suksesvol, bl.173-174)*

**[40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE

## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 **Gee DRIE voorbeelde van algemene voedselallergene wat in dierlike produkte gevind word.**

- Koeimelk✓[1]
- Vis✓[2]
- Skulpvis✓[3]
- (Hoender) eiers✓[4] (Enige 3) (3)

*Verstaan, maklik (Verken, bl.79; Suksesvol, bl.92)*

3.2 **Noem DRIE riglyne vir die bestuur van voedselallergieë.**

- Verseker 'n gebalanseerde dieet met genoegsame inname van alle voedingstowwe/ neem aanvullings indien nodig.✓[1]
- Vermy die voedsel wat die allergie veroorsaak.✓[2]
- Bestudeer voedseletikette sorgvuldig om voedsel wat 'n allergeen bevat te vermy.✓[3]
- Vervang voedsel wat allergieë veroorsaak met soortgelyke voedsel.✓[4]
- 'n Persoon met allergieë behoort veilige voedsel saam te neem wanneer hulle reis.✓[5]
- Kelnerpersoneel by restaurante behoort van die voedselallergieë ingelig te word/ vra oor bestanddele wat in geregte in 'n restaurant gebruik word.✓[6]
- 'n Persoon met allergieë behoort altyd die voorgeskrewe medikasie te dra in geval van 'n allergiese reaksie.✓[7] (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, bl.79; Suksesvol, bl.92)*

3.3 **Noem VIER kenmerke van 'n persoon wat aan anorexia ly.**

- Uitermatig ondergewig.✓[1]
- 'n Beperkte inname van voedsel/ obsessief/ behep met kilojoule inname/ eet baie min.✓[2]
- 'n Irrasionele/ intensiewe vrees van gewigstoename/ weeg hom/ haarself obsessief.✓[3]
- 'n Verwronge liggaamsbeeld/ sielkundige versteuring waarin die persoon hulself as oorgewig sien.✓[4]
- Swakheid.✓[5]
- Droë bros hare.✓[6]
- Bros vel✓[7]
- Koue hande en voete.✓[8]
- Amenorree/ oorslaan van drie opeenvolgende maandstondes.✓[9]
- Geheimsinnig oor voedsel.✓[10]
- Oormatige oefening/ oorbenutting van dieetpille/ urienedreiweres/ lakseermiddels/ enemas om liggaamsgewig te verminder.✓[11] (Enige 4) (4)

*Onthou, maklik (Verken, bl.82; Suksesvol, bl.94)*

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE

3.4 **Noem TWEE voordele van die byvoeg van antioksidante by voedsel.**

- Preserveer die gehalte van voedsel/ verleng die raklewe✓[1] van voedsel.
- Voorkom galsterigheid✓[2]en onaangename smaak en reuk✓[3] in margarien/ kookolie /koekies/ aartappelskyfies/ sopmengsels.
- Preserveer die kleur van vars gesnyde vrugte en groente/ vertraag ensimatiese verbruining/ voorkom verkleuring in vrugte en groente/ vrugtesap/ gaskoeldrank/ ingemaakte groente/ bevrore vrugte.✓[4]

(Enige 2) (2)

*Onthou, matig (Verken, bl.94; Suksesvol, bl.114)*

3.5 **Verduidelik hoe gastro-enteritis oorgedra kan word.**

- Wanneer 'n besmette persoon voedsel voorberei of hanteer sonder geskikte higiëne✓[1]/ nie hande was nadat die toilet gebruik is nie.✓[2]
- Eet van voedsel wat besmet/ nie gewas is nie.✓[3]
- Drinkwater wat besmet is.✓[4]
- In kontak kom met 'n besmette persoon.✓[5]
- Gebruik van vuil gereedskap wat besmet is.✓[6] (Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, bl.91, Suksesvol, bl.108)*

3.6 **Verduidelik waarom amandelmelk geskik is vir mense wat laktose-intolerant is.**

- Dit bevat nie laktose✓[1] wat die suiker in koeimelk is nie.✓[2]
- Laktose kan nie verteer word nie✓[3] indien die ensiem laktase✓[4]wat benodig word vir die vertering van laktose, nie voldoende is nie.✓[5]

(Enige 3) (3)

*Verstaan, matig (Verken, bl.79; Suksesvol, bl.93)*

3.7 **Verduidelik waarom dokters, sielkundiges en dieetkundiges met die bestuur van bulimie geraadpleeg moet word.**

- Bulimie is 'n eetversteuring wat mees waarskynlik sielkundig is✓[1] word geassosieer met 'n gebrek aan beheer/ depressie/ stres/ gevoelens wat verband hou met liggaamsvorm/ gewig.✓[2]
- Antidepressante/ medikasie/ hospitalisering✓[3] mag benodig word om die sielkundige komplikasies van bulimie te behandel.
- 'n Dieetkundige sal die fisiese gesondheid behandel✓[4] en normale eetpatrone voorstel/ eetvergrypings en ledigingsiklusse stop/om liggaamsgewig te stabiliseer.✓[5]
- Voedingsvoorligting/ opvoeding✓[6] en gedragsbestuur✓[7] help die pasiënt/ bulimiese persoon met meer gesonde alternatiewe van gewigsbestuur.✓[8]

(Enige 4) (4)

*Toepassing, matig (Verken, bl.82; Suksesvol, bl.96)*

PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 10
APPROVED MARKING GUIDELINES

3.8 **Bespreek die redes waarom organiese voedsel nie kan help om voedselsekerheid te handhaaf nie.**

- Dit is duur✓[1] om organiese voedsel te produseer en nie baie mense kan dit bekostig nie.✓[2]
- Meer grond word benodig om genoeg organiese voedsel te kweek✓[3] wat dalk nie moontlik vir die meeste mense is nie omdat grond skaars is✓[4] en dit dra nie tot voedselsekerheid by nie.
- Die oes-opbrengste is laag✓[5] dus sal daar minder voedsel beskikbaar wees.✓[6]
- Hulle het 'n kort raklewe/hou nie lank nie✓[7] omdat hulle nie enige preserveermiddels bevat nie.✓[8] Produkte kan bederf/ gemors word voordat dit geëet word.✓[9]
- Kopersulfaat word in organiese boerdery toegelaat, maar dit is toksies✓[10] en kan skadelik vir vis wees, wat die hoeveelheid beskikbare voedsel verminder.✓[11] (Enige 6) (6)

*Toepassing, moeilik (Verken, bl.104; Suksesvol, bl.126)*

3.9 **Analiseer hoe die oorstromings in 2022 en 2023 hierdie huishoudings se voedsel selfonderhoudend of genoegsaamheid geaffekteer het.**

- Oorstromings mag hul gewasse weggespoel/ beskadig het,✓[1] wat minder/ geen vars produkte✓[2] om hulself te onderhou tot gevolg het.
- Pluimvee mag tydens die oorstromings dood gegaan het✓[3]wat hierdie huishoudings se vermoë om hul eie eiers te produseer✓[4] of hul eie pluimvee/ vleis te voorsien verminder het.✓[5]
- Grond om groente/ vrugte te kweek mag beskadig wees/ bo-grond het weggespoel✓[6] om nuwe vars produkte te kweek, dus moet bemesting/ dieremis/ kompos aangekoop word om die grond te verryk.✓[7]
- Aankope van bemesting/ dieremis/ kompos/ nuwe sade/ jong plante/ hoenders het geldbesteding tot gevolg✓[8] wat gebruik kon word om voedsel wat hulle nie self kan produseer nie, te koop.✓[9]
- Sonder vars produkte/ pluimvee/eiers om te verkoop, verloor hulle inkomste.✓[10]
- Al die bogenoemde mag die huishoudings se vermoë tot self-genoegsaamheid/ selfversorging verminder.✓[11] (Enige 6) (6)

*Analisering, matig (Verken, bl.106-107; Suksesvol, bl.129-130)*

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE

3.10 **Regverdig die stelling hierbo.**

- Indien mense nie elektrisiteit het om te kook nie, mag hulle wegneemetes/ kitskos✓[1] koop wat ryk in vet✓[2] en hoog in suikers is/ gaskoeldrank is hoog in suiker.✓[3] wat bydra tot vetsug.
- Mense mag voedsel wat gereed is om gaar te maak/ voedsel wat vinnig gaargemaak word, wat ryk aan vette✓[4] en energiedig✓[5] is gebruik, wat ongesond✓[6] is. Dit dra by tot ongesonde gewigstoename.✓[7]
- Mense koop voedsel wat lank hou/ nie-bederfbaar is✓[8] voedsel wat nie enige gaarmaak en verkoeling vereis nie en hierdie voedsel mag ongesond wees.✓[9]
- Mense mag verveeld wees✓[10] gedurende beurtkrag en peusel aan/ ooreet aan ongesonde versnaperinge/ peuselhappies.✓[11] (Enige 6) (6)

*Toepassing, moeilik (Verken, bl.83; Suksesvol, bl.97)*

**LET WEL: 'n Punt kan slegs een keer vir ongesond toegeken word.**
**'n Punt kan slegs een keer vir ryk in vet toegeken word.**

**[40]**



PRIVATE BAG ... PRETORIA
2024 -06- 10
... MARKING GUIDEL...

## VRAAG 4: KLEDING

4.1 **Definieer die volgende terme:**

4.1.1 ***Mode***

Style/ tipe klere✓[1] wat deur die meerderheid/ meeste/ baie mense gedra/ aanvaar✓[2] word in 'n spesifieke tydperk en plek.✓[3]

**OF**

Mode is die styl✓[4] klere wat die meerderheid mense✓[5] in 'n land/ ouderdomsgroep/ area nou dra.✓[6] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, bl.48; Suksesvol, bl.49)*

4.1.2 ***Kleredragkode***

Dit is 'n stel reëls/ dokument✓[1] oor die tipe klere✓[2] wat die maatskappy van sy werkers, verwag om werk toe/ geleenthede verbonde aan werk te dra.✓[3] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, bl.54; Suksesvol, bl.57)*

4.2 **Verduidelik die betekenis van *organiese tekstiele*.**

Natuurlike vesels✓[1] wat sonder enige plaagdoders/ onkruiddoders/ ander toksiese stowwe gekweek is/ nie die natuurlike omgewing beskadig nie.✓[2]

**OF**

Vesels word organies gekweek✓[3] sonder die gebruik van onkruiddoders/ plaagdoders.✓[4] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, bl.61; Suksesvol, bl.67)*

4.3 **Beskryf waarom 'n vlootblou pak klere 'n goeie keuse vir 'n klerekas, vir die werkswêreld is.**

- Vlootblou is 'n basiese kleur.✓[1]
- Dit is maklik om te meng en pas met baie hemde/ bloese en dasse/ serpe.✓[2]
- Kan met swart of bruin skoene en belde gedra word. ✓[3]
- Kan in alle seisoene gedra word.✓[4]
- Kan formeel en informeel gedra word.✓[5]
- Dit is professioneel/ formeel/ deftig/ respekvol.✓[6]
- Kan vir baie jare gedra word/ tydloos/ klassiek.✓[7]
- Dit pas by die meeste liggaamstipe.✓[8]
- Dit is veelsydig omdat dit vir verskillende werke geskik is.✓[9] (Enige 4) (4)

*Verstaan, matig (Verken, bl.56-58; Suksesvol, bl.59)*

**LET WEL: Die woord veelsydig kan slegs eenkeer 'n punt toegeken word.**

EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 10
MARKING GUIDELINE

4.4 **Bespreek die positiewe impak wat Rewoven op die natuurlike en ekonomiese omgewing van die land sal hê, indien dit oral in Suid Afrika geïmplementeer word.**

- Minder water✓[1] en elektrisiteit✓[2] sal gebruik word omdat minder nuwe tekstiele geproduseer hoef te word.✓[3]
- Minder tekstiele afval sal in stortingsterreine opeindig✓[4] omdat ou tekstiele herwin sal word, wat ook die impak op die natuurlike omgewing sal verminder/ besoedeling verminder. ✓[5]
- Dit sal die ekonomie van die land verhoog✓[6] omdat meer mense in die versameling/ vervoerherwinning van die ou tekstiele✓[7] in diens geneem sal word.✓[8] (Enige 4) (4)

*Verstaan, matig (Verken, bl.61-63; Suksesvol, bl.68)*

4.5 4.5.1 **Noem TWEE onwettige klerepraktyke wat oorspronklike produkte kopieer.**

- Handelsmerkrowery/ nabootsing/ replika✓[1]
- Nagemaakte/ vervalsde goedere✓[2] (2)

*Verstaan, maklik (Verken, bl.64; Suksesvol, bl.72)*

4.5.2 **Bespreek die impak wat die aankoop van replika items op plaaslike opkommende klereontwerpers kan hê.**

- Opkomende ontwerpers mag sukkel om hul produkte te verkoop/ in die mark mee te ding/ kompeteer✓[1] omdat verbruikers mag verkies om replikas teen 'n laer prys te koop.✓[2]
- Nuwe ontwerpers mag nie floreer nie,✓[3] kan dus nie uitbrei✓[4] en nuwe werk skep nie.✓[5] Dit beteken dat die besigheid nie volhoubaar mag wees nie.✓[6]
- Nuwe ontwerpers is nie in staat om in die mark mee te ding nie, omdat dit oorvloed is met geroofde handelsmerke.✓[7] (Enige 4) (4)

*Analisering, moeilik (Verken, bl.64; Suksesvol, bl.72)*

**[20]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE

## VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR

**5.1 Definieer die term *voltitel-eienaarskap*.**

Die eienaar wat die huis koop word die wettige eienaar✓[1] van die hele eiendom,✓[2] wat beteken die grond en al die strukture daarop.✓[3] (Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, bl.121; Suksesvol, bl.139)*

**5.2 Verduidelik wat 'n *koopaanbod* is.**

- Dit is 'n geskrewe (ongetekende) ooreenkoms✓[1] tussen die verkoper en die koper.✓[2]
- 'n Koopaanbod is die dokument waarin die koper 'n offer aan die verkoper maak,✓[3] dit sluit bedrag wat die koper aanbied om vir die eiendom te betaal✓[4] en die terme en voorwaardes vir die aankoop/verkoop van die eiendom in.✓[5] (Enige 2) (2)

*Onthou, matig (Verken, bl.125; Suksesvol, bl.142)*

**5.3 Gee redes waarom dit goedkoper is om huishoudelike toestelle met kontant eerder as met 'n afbetalingskooptransaksie aan te koop.**

- Wanneer kontant gebruik word, word geen rente betaal nie.✓[1]
- Dit is moontlik om 'n kontantafslag te kry.✓[2]
- Daar is geen paaiemente om elke maand te betaal nie.✓[3]
- Daar is ekstra kostes/ administratiewekoste/ korttermyn versekering wat gevra word✓[4] wanneer 'n afbetalingskooptransaksie gebruik word.

(Enige 3) (3)

*Verstaan, matig (Verken, bl.148; Suksesvol, bl.162)*

**5.4 Noem die kostes waarvoor 'n voornemende huiseienaar, voor en gedurende die bou van 'n nuwe huis, verantwoordelik sal wees.**

- Aankoop/ betaling vir die grond/ erf.✓[1]
- Daar mag addisionele koste wees✓[2] soos terreinvoorbereiding/ water aansluiting.
- Die huisplan moet deur 'n sketstekenaar/ argitek opgetrek word, wat betaal moet word.✓[3]
- Die munisipaliteit vra 'n fooi om die huisplan goed te keer.✓[4]
- 'n Boukontrakteur moet betaal word/ arbeidskoste.✓[5]
- Daar moet vir boumateriaal betaal word.✓[6]
- Laat aflewering/ tekorte aan materiaal sal koste verhoog.✓[7]
- Professionele inspekteurs/ elektriese inspekteur/ strukturele ingenieur moet betaal word om inskiklikheid te verseker.✓[8]
- Indien konstruksie foutief is, mag meer materiaal/ arbeid benodig word.✓[9]
- Indien daar vertragings in tyd gedurende die bouproses is, sal hulle aan meer koste blootgestel word.✓[10]
- Die eienaar moet vir akkommodasie betaal voor die bouproses voltooid is.✓[11] (Enige 4) (4)

*Verstaan, matig (Verken, bl.119; Suksesvol, bl.138-139)*

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE

5.5.1 **Bereken die totale afbetalingskooptransaksie-prys van die draagbare gasstoof. Toon alle berekeninge.**

R69,00 x 6 = R414,00✓[1]
R414,00 + R59,00✓[2] = R473,00✓[3] (3)

*Toepassing, matig: Eksamenriglyne.*

5.5.2 **Analiseer hoe hierdie draagbare een-plaat-gasstoof:**

**(a) Menslike energie bespaar.**

- Die wegdoenbare gasblik is klein/ lig en maklik om te verwyder/ pas/ installeer.✓[1]
- Die verwyderbare boonste plaatraam maak dit maklik om skoon te maak.✓[2]
- Die outomatiese aansteekknop maak dit maklik/ veilig om aan te steek/ gebruik.✓[3]
- Die ligte en kompakte tas is maklik om te hanteer/ op te berg/ vervoer.✓[4] (Enige 3) (3)

**(b) 'n Nuttige aankoop vir 'n huishouding sal wees.**

- Kan gebruik word wanneer daar kampeer/ gereis/ gestap word.✓[1]
- Kan tydens beurtkrag gebruik word✓[2] omdat dit nie elektrisiteit vereis nie.
- Kan maklik opgeberg word wanneer dit nie gebruik word nie, omdat dit kompak/ klein is.✓[3]
- Min toonbankspasie word tydens gebruik opgeneem.✓[4]
- Dit is maklik om te gebruik/ bereikbaar bo 'n toonbank omdat dit laag is.✓[5]
- Dit werk met 'n klein wegdoenbare blik wat algemeen
- beskikbaar is.✓[6]
- Dit verskaf onmmiddellike hitte.✓[7] (Enige 3) (3)

*Analisering, matig (Verken, bl.175-176; Suksesvol, bl.159)*

**[20]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1 **Maak 'n lys van die inligting wat op 'n produk se etiket behoort te verskyn.**

- Naam van produk✓[1]
- Handelsnaam/Handelsmerk✓[2]
- Waarskuwings/ allergene✓[3]
- Datums: verkoop teen/gebruik teen/beste voor✓[4]
- Naam en adres van vervaardiger/waar dit gemaak is✓[5]
- Prys/pryskode✓[6]
- Produk inhoud/nutriëntinligting✓[7]
- Bestanddele/tekstielvesels✓[8]
- Grootte/ massa/ gewig/ volume/ hoeveelheid✓[9]
- Versorgings/ gaarmaak/ opbergingsinstruksies✓[10]
- Lotnommer✓[11] (Enige 4) (4)

*Onthou, maklik (Verken, bl.24; Suksesvol, bl.24 en 29)*

6.2 **Noem watter TWEE van die 5 P's-bemarkingstrategieë deur die bekostigbaarheid en toeganklikheid van 'n produk aangedui word.**

- Prys✓[1]
- Plek✓[2] (2)

*Onthou, matig (Verken, bl.32-33; Suksesvol, bl.30-31)*

**LET WEL: Idien meer as twee antwoorde gegee word, merk slegs die eerste twee.**

6.3 **Verduidelik waarom dit vir 'n besigheid voordelig is om plaaslik beskikbare grondstowwe te gebruik.**

- Geproduseerde voedsel sal vars wees.✓[1]
- Hulle is maklik bekombaar,✓[2] kan onmiddellik afgelewer of opgeneem word/ hulle hoef nie ingevoer of van een area na die volgende vervoer te word nie.✓[3]
- Produksie stop nie✓[4] omdat daar geen tekorte is nie. Die wagtydperk is kort indien die besigheid 'n tekort het.✓[5]
- Hulle is bekostigbaar✓[6] omdat hulle nie hoë vervoerkoste/ invoerbelasting het wat bygevoeg word nie.✓[7]
- Dit vestig 'n goeie verstandhouding met die verskaffers,✓[8] wat die besigheid mag toelaat om op krediet te koop/grondstowwe voor betaling afgelewer te kry/ 'n kredietlyn met die verskaffer te open.✓[9] (Enige 3) (3)

*Toepassing, matig (Verken, bl. 13; Suksesvol, bl.19-20)*

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

6.4 **Bespreek DRIE finansiële voordele vir 'n besigheid om opgeleide personeellede te hê.**

- Dit verhoog werknemers se produktiwiteit✓[1] en meer produkte sal verkoop word/ die besigheid se inkomste sal verhoog.✓[2]
- Dit help om goeie gehalte produkte te produseer/ verbeter die gehalte van werk✓[3] en kliënte sal aanhou om goeie gehalte produkte te koop wat wins mag verhoog.✓[4]
- Dit lei tot vermindering van vermorsing in die besigheid,✓[5] minder geld sal op die vervanging van beskadigde produkte of grondstowwe bestee word.✓[6]
- Dit verminder onderhouds-/ herstelkoste✓[7] vir die besigheid omdat gereedskap korrek gebruik sal word.✓[8] (Enige 3 x 2) (6)

*Toepassing, matig (Verken, bl.25; Suksesvol, bl.26)*

6.5 **Gee VIER gevolge van swak voorraadbeheer in 'n besigheid.**

- Meer opbergspasie mag vereis word.✓[1]
- Te veel voorraad.✓[2]
- Voorraad mag bederf indien dit nie teen die gebruik-teen datum gebruik word nie.✓[3]
- Grondstowwe kan beskadig of gesteel word.✓[4]
- Die gehalte van die eindproduk sal geaffekteer word indien grondstowwe verval het.✓[5]
- Kapitaal word in voorraad vasgevang.✓[6]
- Daar mag tekorte in voorraad wees✓[7] en produksie sal stop.✓[8]
- Wins sal verminder✓[9] indien voorraad verlore gaan/ beskadig/ gesteel word. (Enige 4) (4)

*Verstaan, maklik (Verken, bl. 19; Suksesvol, bl. 23)*

6.6 6.6.1 **Identifiseer Eerste Kafee se teikenmark.**

- Ouers wat leerders by die skool aflaai.✓[1]
- Universiteit studente.✓[2]
- Skoliere.✓[3]
- Plaaslike gemeenskapslede.✓[4]
- Toeriste.✓[5]
- Onderwysers/ skool personeel/ dosente/ universiteit personeel. ✓[6] (Enige 2) (2)

*Verstaan, matig (Verken, bl.34; Suksesvol, bl.11)*

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 10
APPROVED MARKING GUIDELINE

6.6.2 **Verduidelik die voordele van die gebruik van 'n houer van Big Box Container as 'n koffiewinkel.**

- Dit kan na 'n ander area verskuif word.✓[1]
- Dit kan in 'n ander tipe besigheid omskep word.✓[2]
- Die houer kan herverkoop word.✓[3]
- Hulle besit die houer, dus is daar nie maandelikse huur betaalbaar nie.✓[4]
- Dit is goedkoper✓[5] om in stand te hou as 'n gewone winkel.
- Dit is toegerus met sonpanele dus word geen elektrisiteit vereis nie/ word bedryf tydens beurtkrag.✓[6]
- Dit is toegerus 'n gasstoof wat nie elektrisiteit vereis om gebruik te word nie.✓[7]
- Rommel en afval behoort minimaal te wees✓[8] omdat herwinningsblikke beskikbaar is. (Enige 4) (4)

*Toepassing, matig (Verken, bl.12; Suksesvol, bl.19)*

6.6.3 **Maak 'n lys van maniere waarop die besigheid verbruikers kan aantrek.**

- Hulle is omgewingsvriendelik /gebruik verpakking wat herbruikbaar/ bioafbreekbaar is.✓[1]
- Hulle bied 'n verskeidenheid✓[2] drankies/ versnaperings/ ligte maaltye/ koffiebone aan.
- Hulle het 'n gewilde reuse muffin.✓[3]
- Aansit en wegneem opsies.✓[4]
- Hulle kan tydens beurtkrag oop bly✓[5] aangesien hulle sonpanele en 'n gasstoof het.
- Hulle het 'n lojaliteitprogram vir gereelde kliënte.✓[6]
- Dit is maklik toeganklik✓[7] omdat dit in 'n parkeerarea geleë is.

(Enige 4) (4)

*Toepassing, matig (Verken, bl.13; Suksesvol, bl.11 & 20)*

6.6.4 **Bereken die verkoopprys van EEN reuse muffin. Toon ALLE berekeninge.**

300 x 60 %/ 60 ÷ 100 = R180.00

R 300 + R180 = R480.00✓[1] **OF** R300 x 160 ÷ 100 = R 480✓[2]

R480 ÷ 24✓[3] = R20.00✓[4]

**OF**

R300 ÷ 24✓[5] = R12.50✓[6]
R12.50 × 60% = R7.50✓[7]
R12.50 + R7.50 = R20.00✓[8]

**OF**

R300 + 60 %✓[9] = R480.00✓[10]
R480.00 ÷ 24✓[11] = R20.00✓[12]

Koste van EEN reuse muffin is R20.00. (Enige 3) (3)

*Toepassing, matig (Verken, bl.40; Suksesvol, bl.40)*

***LET WELL: Die verkoopprys (R20.00) moet aangedui word om volle punte toe te ken.***

Kopiereg voorbehou

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 10
APPROVED MARKING GUIDELINES

6.6.5 **Analiseer maniere waarop die besigheid volhoubare produksie en verbruikbeginsels toepas.**

- Hulle het 'n skeepshouer gekoop wat voorheen gebruik was,✓[1] wat die behoefte om 'n nuwe skeepshouer te koop uitskakel.
- Die skeepshouer het alreeds 'n gasstoof✓[2] en sonpanele✓[3] wat die behoefte aan elektrisiteit verminder en die koolstof
- voetspoor verminder.✓[4]
- Produkte word op die perseel gebak✓[5] dus word vervoer verminder/geen brandstof✓[6] word gebruik om produkte na die verkoopspunt te vervoer nie. Lugbesoedeling word verminder/ minder koolstofvrystellings✓[7] wat die omgewing kan beskadig.
- Hulle gebruik herwinbare/bioafbreekbare verpakkingsmateriaal✓[8] wat minder besoedeling tot gevolg het.✓[9]
- Hulle vermy rommel/ doen korrek weg met afval✓[10] omdat hulle herwinningsblikke het.✓[11] (Enige 8) (8)

*Analisering, matig (Verken, bl.26; Suksesvol, bl.26)*

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2024 -06- 10
APPROVED MARKING GUIDELINES

Kopiereg voorbehou